AKKREDITASIE VAN ONAFHANKLIKE AANBIEDINGSINSTANSIES TOV DIE AANBIED VAN VERKENNERSPESIALISASIES

1. AGTERGROND

Daar is toenemend versoeke van sowel binne Die Voortrekkers as van buite dat daar Verkennerspesialisasies aangebied kan word deur onafhanklike Nie-Voortrekker instansies. Aangesien hierdie instansies onafhanklik van Die Voortrekkers bedryf word, val dit nie onder die gesagstrukture van Die Voortrekkers nie en benodig dit dus ‘n spesiale manier van hantering.

Hierdie dokument het ten doel om ‘n riglyn daar te stel ten einde onafhanklike Nie-Voortrekker instansies by Die Voortrekkers te akkrediteer ten einde hulle in staat te stel om Verkennerspesialisasies te kan aanbied met die goedkeuring van Die Voortrekkers en op die vlak en standaard soos deur Die Voortrekkers voorgeskryf.

2. ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

2.1. Onafhanklike Aanbiedingsinstansie (OAI)

Die Onafhanklike Aanbiedingsinstansie (OAI) is die onafhanklike Nie-Voortrekker instansie wat ge-akkrediteer word. Dit is die verantwoordelikheid van die instansie om te verseker dat die betrokke Verkennerspesialisasie aangebied word op die standard soos deur Die Voortrekkers voorgeskryf.

2.2. Aansoeker

Die aansoeker is die Offisier, Kommando, Oord of Gebied wat graag ‘n spesialisasie deur ‘n nuwe OAI wil laat aanbied. Die aansoeker is verantwoordelik om ‘n geskikte OAI te identifiseer wat die spesialisasie sal kan aanbied soos deur Die Voortrekkers voorgeskryf. Die OAI mag ook die aansoeker wees.

2.3. Instansie-evalueerder

Die Instansie-evalueerder is ‘n persoon wat deur die GK Verkenners aangestel word om die aanbiedingsvermoë van die OAI te evalueer. Hierdie persoon sal meestal iemand uit Die Voortrekkers se geledere wees met kennis van die onderwerp, die aanbieding, fasiliteite en toerusting. Hierdie persoon moet verslag doen aan die GK Verkenners t.o.v. geskikheid van die OAI vir akkreditasie deur Die Voortrekkers.

2.4. Aanbiedingsevalueerder

Die Aanbiedingsevalueerder is ‘n Voortrekkeroffisier wat die aanbieding as deel van die Voortrekker groep meemaak. Dit is die verantwoordelikheid van hierdie offisier om die spesifieke aanbieding te evalueer en indien nodig terugvoer aan die GV Verkenners te gee.

2.5. Gebiedskomitee Verkenners

Die GK Verkenners is ‘n komitee wat deur die AGL Verkenners saamgestel word ten einde verkennersake te hanteer. Die GK Verkenners is verantwoordelik vir die akkrediteering van ‘n OAI en die uitreik van ‘n akkreditasiesertifikaat.

3. REGISTRASIE & AKKREDITASIE TYDPERK

Ten einde aansoek te doen vir die akkreditasie van ‘n OAI, moet die OAI as Jeugvriens by Die Voortrekkers registreer. Hierdeur bewys die OAI dat hy/sy hom vergewis van Die Voortrekkers se agtergrond en waarde sisteem en dit sal onderskryf in sy aanbieding.

As deel van die registrasieproses sal die OAI ‘n onderneming met Die Voortrekkers aangaan ten einde ge-akkrediteer te word, waarna ‘n akkreditasie tydperk van drie jaar sal geld voordat daar weer heraansoek gedoen word.

4. AANSOEK PROSES

Ten einde aansoek te doen vir akkreditasie van ‘n OAI moet die volgende proses gevolg word:

1. ‘n OAI word geidentifiseer vir die aanbied van spesifieke verkennerspesialisasies en stel homself beskikbaar om hierdie spesialisasies aan te bied.
2. Die Aansoeker doen aansoek by die GK Verkenners deur middel van ‘n voorgeskrewe aansoekvorm.
3. Die GK Verkenners, evalueer die aansoek en onderneming en stel ‘n persoon aan as Instansie-evalueerder.
4. Die Instansie-evalueerder besoek en evalueer die OAI en doen ‘n aanbeveling aan die GK Verkenners.
5. Indien die GK Verkenners tevrede is met die terugvoer van die Instansie-evalueerder, asook die OAI se onderneming sal die GK Verkenners ‘n akkreditasiesertifikaat aan die OAI uitreik vir die aanbied van spesifieke verkennerspesialisasies. Indien die GK Verkenners nie tevrede is nie sal daar terugvoer met redes aan die Aansoeker asook die OAI gegee word.

6. Die GK Verkenners publiseer die lys van ge-akkrediteerde OAIs met goedgekeurde verkennerspesialisasies op die Verkenner webwerf.
7. Die Voortrekkers kan nou van die ge-akkrediteerde OAIs gebruik maak om die goedgekeurde verkennerspesialisasies aan te bied deur ‘n normale besprekingsproses soos deur die OAI voorgeskryf te volg.
8. Tydens elke aanbieding tree ‘n Voortrekker Offisier op as Aanbiedingsevalueerder en gee terugvoer aan die GK Verkenners indien nodig.

5. EVALUERING VAN AANBIEDINGS INSTANSIE VERMOË

Tydens die evaluering van die OAI deur die Instansie-evalueerder, moet daar na die volgende gelet word:

1. Beskik die OAI oor voldoende fasiliteite, infrastruktuur en toerusting om die spesialisasie suksesvol te kan aanbied.
2. Beskik die OAI oor die regte natuurlike omgewing vir die aanbied van die spesialisasie en word dit benut op ‘n verantwoordelike manier.
3. Beskik die OAI oor voldoende instrukteurs en personeel.
4. Beskik die OAI se instrukteurs oor voldoende kennis en opleiding.
5. Dra die OAI se instrukteurs kennis van Die Voortrekkers as organisasie en Die Voortrekkers se ABC waardestelsel.
6. Dra die OAI se instrukteurs kennis van die spesialisasievereistes soos deur Die Voortrekkers voorgeskryf.
7. Beskik die OAI oor ‘n assesserings stelsel ten einde te verseker dat daar aan alle spesialisasie-uitkomste voldoen is.

6. EVALUERING VAN AANBIEDING EN DEELNAME

Enige Voortrekker groep wat van ‘n ge-akkrediteerde OAI wil gebruik maak, word versoek om ‘n Aanbiedingsevalueerder aan te stel wat die aanbieding meemaak. Tydens elke aanbieding deur die OAI moet daar deur die Aanbiedingsevalueerder na die volgende gelet word:

1. Is daar aan al die spesialisasie vereistes voldoen
2. Is die vlak van aanbieding op standaard
3. Het daar enige insidente voorgekom en hoe is dit hanteer

Slegs indien daar negatiewe opmerkings oor die aanbieding is, is dit nodig om die GK Verkenners daaroor in te lig, sodat die GK Verkenners dit met die OAI kan opneem.

7. UITREIK VAN DEELNAMESERTIFIKATE

Die OAI is verantwoordelik vir die uitreik van deelnamesertifikate aan die betrokke Verkenner wat die spesialisasie onderneem en suksesvol afgehandel het. Indien ‘n Verkenner nie ten volle deelgeneem het en aan al die uitkomste van die spesialisasie voldoen het nie, mag die OAI nie ‘n sertifikaat aan die Verkenner uitreik nie. Die OAI deelnamesertifikate moet deur die Verkenner aan die betrokke Voortrekkerkommando voorgelê word ten einde ‘n Voortrekker spesialisasiesertifikaat en kenteken te ontvang. Die toekenning van die kenteken bly dus die verantwoordelikheid van die betrokke Kommando.

8. ALGEMEEN

Indien daar enige opmerkings oor aanbiedning, verskille in interpretasies, voorstelle tot verbetering, ens. is moet dit aan die GK Verkenners voorgelê word vir hantering.

9. AANVULLENDE DOKUMENTASIE

Die volgende aanvullende dokumentasie vorm deel van hierdie riglyn:

1. Aansoek & Ondernemingsvorm
2. Instansie-evalueringvorm
3. Akkreditasiesertifikaat
4. Aanbiedingsevalueringvorm (Standaard spesialisasie evalueringvorm)

Onafhanklike Aanbiedingsinstansie (OAI) Aansoekvorm

Instansie Inligting

Instansie Naam:			
Gemagdigde Persoon:		**Posbenoeming:**	
Fisiese Adres:		**Posadres:**	
Tel No:		**Sel No:**	
Webwerf:		**e-pos Adres:**	

Spesialisasies waarvoor aansoek gedoen word

Spesialisasie 1:	
Spesialisasie 2:	
Spesialisasie 3:	
Spesialisasie 4:	
Spesialisasie 5:	

Onderneming

Hiermee onderneem ek/ons dat daar by aanvaarding van hierdie aansoek en die daaropvolgende akkreditasie van my/ons instansie en/of dienste, die volgende:

1. Dat ek/ons my sal vergewis van Die Voortrekkers as kultuurorganisasie en sy ABC waardestelsel.
2. Dat ek/ons Die Voortrekkers se waardestelsel as deel van die spesialisasie aktiwiteite aan die jeug/deelnemers sal oordra.
3. Dat ek/ons sal kennis dra van die spesialisasievereistes soos voorgeskryf deur Die Voortrekkers.
4. Dat ek/ons sal verseker dat daar gepasde en voldoende toerusting asook instrukteurs is ten einde die spesialisasie suksesvol te kan aanbied.
5. Dat die ge-akkrediteerde spesialisasie(s) profesioneel aangebied sal word.
6. Dat alle spesialisasie uitkomste gedek en op gepasde wyse ge-assesseer sal word.
7. Dat ek/ons sal verseker dat veiligheid van mense en toerusting deurlopend gehandhaaf word.
8. Dat ek/ons na die suksesvolle afloop van die aanbieding en deelname ‘n sertfikaat aan die deelnemers sal oorhandig wat na die spesialisasie sal verwys.

Geteken namens instansie:

_____ _____

Gemagdigde Persoon Datum

Onafhanklike Aanbiedingsinstansie (OAI) Evalueringvorm

Instansie Inligting

Instansie Naam:			
Kontak Persoon:			
Fisiese Adres:		**Posadres:**	
Tel No:		**Sel No:**	
Webwerf:		**e-pos Adres:**	

Spesialisasie van toepassing (Een spesialisasie per evalueringsvorm):			
Evalueerder:		**Sel No:**	

Evaluasieverslag		**1**	**2**	**3**	**4**
Fasiliteite & Omgewing	Aanbiedingsfasiliteite (Voldoende en geskik)	Geen			Geskik
	Ablusie en wasgeriewe (Voldoende en geskik)	Geen			Geskik
	Kombuisgeriewe (Voldoende en geskik)	Geen			Geskik
	Noodhulpgeriewe (Voldoende en geskik)	Geen			Geskik
	Slaapgeriewe (Apart, voldoende & geskik)	Geen			Geskik
	Natuurlike Omgewing (Benut verantwoordelik)	Geen			Geskik
Toerusting	Korrekte toerusting	Nie geskik			Geskik
	Voldoende toerusting vir aantal persone	< 10	10 - 25	26 - 50	>51
	Toestand van toerusting	Swak			Nuut
	Gepaste Veiligheidstoerusting	Swak/Geen			Nuut
Instrukteurs	Aantal Intrukteurs beskikbaar	1 - 2	3 - 5	6 - 10	>10
	Instrukteur/Deelnemer verhouding	1 tot 5	1 tot 10	1 tot 20	1 tot 50+
	Opleiding ondergaan	Geen	Inhuis	Assosiasie	Formeel
	Kennis van vakgebied en aanbieding	Geen			Goed
	Ondervinding op vakgebied en aanbieding	Geen			Goed
Kennis van Voortrekkers	Algemene kennis van Die Voortrekkers	Geen			Goed
	Kennis van die ABC waardestelsel	Geen			Goed
	Kennis van Spesialisasievereistes	Geen			Goed
	Assessering model of stelsel in gebruik	Geen			Volledig
Algemeen					

Vir gebruik deur die GK Verkenners

Terugverwys:		**Afgekeur:**		**Goedgekeur:**		**Aanvangsdatum:**		**Tydperk:**	

Addisionele Kommentaar

Wenk:	Verskaf enige addisionele inligting of bespreking van evaluasie items indien nodig